*Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.*

*Die Partypolitiek is 'n verouderde wapen — Frankryk het dit gebruik en is in die steek gelaat.*

# Die O.B.

*Die Volksbeweging is 'n moderne wapen — Duitsland het dit gebruik en is uit die stof opgehef.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 28 JULIE 1943. No. 36.

## Onmiskenbare Senuweeagtigheid in Regeringskringe oor O.B.

### Geweldige Ommeswaai na Volksbeweging Ontlok Verbolgenheid

**Dit begin by die dag duideliker te word dat die Ossewabrandwag in plaas van deur die algemene verkiesing vernietig te word — soos deur sowel van Regerings- as Opposisie-kant gehoop is — aansienlik versterk uit die stryd gekom het. Die duidelike en beginselvaste koers van die Ossewabrandwag het geleentheid gehad om sterk af te steek teen die donker agtergrond van partytwis. Afrikaners in alle partye het gevolglik so sterk onder die nuwe gedagte wat die Ossewabrandwag verkondig, gekom, dat daar van Regeringskant vir die eerste maal sedert dr. Malan se oorlogverklaring aan die Volksbeweging 'n onmiskenbare senuweeagtigheid oor die krag van die Ossewabrandwag geopenbaar word.**

Die Regering het onmiddellik na die ontstaan van die Ossewabrandwag groot besorgdheid oor die ontwikkeling van hierdie beweging geopenbaar. So sterk het die Ossewabrandwag hom in vyandelike kringe laat geld dat sy ...m in die Angelsaksiese buiteland ... allerhande geheimsinnige magte gekoppel is. **So het 'n Engelse loods by voorbeeld verklaar dat sy eerste gedagte was, toe hy in Suid-Afrika voor die deur van 'n teater deur 'n man in uniform belet is om met sy gekleurde metgesel na binne te gaan, dat dit die geheimsinnige Ossewabrandwag was waarmee hy nou te doen het.**

Die Ossewabrandwag het inderdaad die verbeelding van vriend en vyand gaande gemaak. Daar bestaan dan ook geen die minste twyfel nie dat dit hierdie ontsag vir die mag van die Volksbeweging was wat totsover — en veral by die begin van die oorlog — verhoed het dat die Regering tot roekelose dade oorgegaan het. **Dit was veral die bereidwilligheid tot selflose diens en offervaardigheid, gepaard met dissipline, wat die Ossewabrandwag 'n ware nagmerrie vir die Regering en sy volgelinge gemaak het.**

Dit was dan ook 'n tasbare verligting vir die Regering toe dr. Malan in Augustus 1941, toe die Ossewabrandwag sy hoogtepunt van magsontplooiing genader het — die oorlog aan hierdie magtige beweging aangesê het.

Sedert dien was dit die Regering se beleid om die stryd wat op die Ossewabrandwag deur die Partyleiding af...wing was, tot versterking van sy eie posisie uit te buit. Waar hy kon, het hy verdere twisappels ingewerp, en met groot behae is in die Regeringspers aangekondig hoe die Ossewabrandwag deur sy eie „beskermhere" vernietig is — 'n taak wat die Regering gespaar is.

#### „WORD BANG"

Toe dit later begin duidelik word dat die Ossewabrandwag nie vernietig is nie, het die vrees in vyandige kamp opnuut begin opflikker. **So by voorbeeld het 'n verteenwoordiger van een van die Engelse koerante wat die epogmakende offisierslaer in Bloemfontein kort na die skeuring bespied het, so diep onder die indruk gekom van die magsvertoon en die gehalte van die lede van die Ossewabrandwag, dat hy aan 'n vriend gesê het: „Ek kan nie help om te sê dat ek bang begin word vir hierdie organisasie as ek so na sy verteenwoordigers kyk nie." Dieselfde joernalis het ook ongevraagd die me...g uitgespreek dat dit die mees uit...ande „kongres" is, veral wat die tipe van afgevaardigde betref, wat hy nog ooit bygewoon het.**

Die Regering se taktiek was nou egter om sy volgelinge totaal in duister te hou omtrent die krag van die Ossewabrandwag. Hoofartikels in sy blaaie het 'n buitensporige toon van hooghartigheid aangeslaan met bytende spot wanneer hulle dit oor die Ossewabrandwag gehad het. Daar is gespot met die range en bedrywighede van wat hulle genoem het „'n klompie belaglike manne". **In openbare toesprake het Regeringsmanne hul gevolg getroos met die versekering dat die Ossewabrandwag klaar vernietig is deur sy eie vriende, en dat daar geen optrede teen hom noodsaaklik is nie. Tot so 'n mate het die Regering sy taktiek van „doodverklaring" deurgevoer dat die nasionale bevegters van die Volksbeweging dit op een tydstip aangegryp het as 'n bewys dat die O.B. met die Regering skakel!** In stilte het die Regering natuurlik die hoop gekoester dat dr. Malan sal voltooi wat hyself nooit voor kans gesien het nie.

#### DIE DOODSKLOK

Toe die verkiesing 'n paar maande gelede uitgeskryf is, is van alle kante beweer dat die doodsklok van die Ossewabrandwag gelui het. Die Regeringspers het hom openlik oor die finale ondergang van sy gevreesde vyand verlustig, en van H.N.P.-kant is daar van mond tot oor vertel dat die Ossewabrandwag hierdie verkiesing nie gaan oorleef nie. **Dr. Malan het dan ook ten volle gebruik gemaak van die geleentheid om die Beweging sy finale uitklophou toe te dien. Toe hy die Ossewabrandwag se aanbod van die hand gewys en van sy kandidate vereis het dat hule 'n verklaring moes onderteken waarin hulle die O.B. verwerp, het hy die grootste vertroue gehad dat sy metode sou slaag.** Dit was 'n uitgemaakte saak by alle politici dat die Ossewabrandwag se einde aangebreek het. Ongetwyfeld is 'n groot deel van hulle onbewus mislei tot hierdie gedagte juis as gevolg van die be-

(Vervolg op bls. 2, kol. 2)

### SEWENTIGJARIGES STAP 18 MYL NA VERGADERING

**Treffende blyke van die geesdrif binne die Ossewabrandwag is weer geopenbaar tydens die besoek van genl. J. A. Smith aan Ohrigstad. Oom Potgieter en sy gade wat al oor die sewentig jaar is, het agttien myl te voet afgelê na die vergadering. Vir die Brandwag is geen opoffering te groot nie in die vervulling van sy pligte.**

## O.B. Politieke Mag van die Toekoms — Geslaagde Reis van A.K.G.

Genl. J. A. Smith, Adjunk-Kommandant-generaal, het so pas 'n uitgebreide toer in Noord-Transvaal voltooi, wat duidelik geopenbaar het dat die Ossewabrandwag onvernietigbaar voortmarsjeer na sy bestemming. Met uitsondering van Pietersburg, waar 'n mate van verwarring as gevolg van die verkiesing ontstaan het, het dit geblyk dat die afgelope verkiesingsveldtog nie die minste uitwerking op die Volksbeweging gehad het nie, behalwe dat daar 'n duidelik waarneembare stroom van alle partye na die Ossewabrandwag loop. 'n Opmerklike feit is dat daar ook 'n aansienlike mate van belangstelling in Sap-geledere ontstaan. Oral begin vroeëre ondersteuners van die Suid-Afrikaanse Party se oë nou oop te gaan vir die betekenis van die Ossewabrandwag as saambindende en skeppende organisasie wat alle partyskappe gaan vernietig, en hulle sluit aan. **Dit wil voorkom of die partypolitiek sy rol uitgespeel het en dat die Volksbeweging voortaan die middelpunt van politieke belangstelling gaan wees.**

Die plekke wat deur die A.K.G. besoek is, is Nylstroom, Potgietersrust, Pietersburg, Louis Trichardt, Ohrigstad, Nelspruit en Graskop. Hy was vergesel van Gebiedsgeneraal H. M. van der Westhuizen, ds. S. J. Stander en genl. H. L. Neethling.

Op Ohrigstad het negentig lede van die Boerejeug 'n erewag gevorm en na afloop van die vergadering is die A.K.G. saam met hulle in gelid na die monument vir die Voortrekkers wat aan die koors gesterwe het, en die ou laer waarvan die bouvalle nog staan waar 'n krans gelê is.

116 Takke 44,000 Lede

AVBOB

Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

### STEWIGE SAAGBANK VIR O.B.-FONDS

In verband met die saagbank wat deur hoofkomdt. J. D. Geldenhuys van Parow vir die Ossewabrandwagfonds vervaardig is en aan die persoon wat mondeling of skriftelik die hoogste aanbod maak, verkoop sal word, kan ons nou meld dat ons verdere besonderhede omtrent die werktuig ontvang het, wat aan alle persone gestuur sal word wat daarom vra. Uit hierdie besonderhede blyk dat dit 'n baie deeglike stuk werk is wat deur 'n ervare ingenieur met groot liefde en toewyding gemaak is. Dit bevat o.a. ook 'n verstelbare gietysterplaat wat met 'n skroef werk met die oog op verstelling vir verskillende houtdiktes. Die skenker onderneem om teen die ekstra betaling van £5 'n gesweiste staal en ystervoetstuk in plaas van die versterkte houtvoetstuk te verskaf.

Navrae en aanbiedinge kan gerig word (voor 8 Augustus) aan die O.B.-kantoor, Groote Kerkgebou 603, Kaapstad.

### REISPLAN VAN A.K.G.

**Genl. J. A. Smith, Adjunk-K.G., onderneem 'n reis deur die Oos-Kaaplandse gebied van 2 tot 10 Augustus. Vergaderings word deur hom op die volgende plekke gehou:**

| | |
|---|---|
| CRADOCK .. .. | 2 Aug. |
| PEARSTON .. | 3 Aug. |
| SOMERSET-OOS | 4 Aug. |
| TARKASTAD .. | 5 Aug. |
| QUEENSTOWN | 5 Aug. (aand) |
| ELLIOT .. .. .. | 6 Aug. |
| BARKLY-OOS .. | 6 Aug. (aand) |
| GRAAFF-REINET | 9 Aug. |
| ABERDEEN .. | 9 Aug. (aand) |
| HEIDELBERG | 10 Aug. (aand) |

'N

GULDE GELEENTHEID

IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD

Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25,000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200,000 beloop.

U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.

Die Sekretaris Posbus 6670.
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK. JOHANNESBURG.

Stuur u prag-brosjure asseblief aan

M ................................................

................................................

# Het Nuus Vervals ten Einde O.B. „Gevoelige Hou" toe te Dien

## Regter se Bevinding oor Redakteur van H.N.P.-Blad se Optrede

**Dat Die Transvaler, H.N.P.-orgaan in Transvaal, nuus vervals het in sy stryd teen die Ossewabrandwag, was die bevinding van die Hooggeregshof in 'n onlangse saak waarin dr. H. F. Verwoerd, redakteur van genoemde blad, eise van altesame £15,000 teen die uitgewers, redakteur en verpreiders van The Star ingestel het na aanleiding van laasgenoemde se beskuldiging dat Die Transvaler nuus van die dag vervals, en dat hy Nazi-propaganda bevorder. Die bevinding van die Regter was dat Die Transvaler wel nuus vervals en dat hy sy blad „die werktuig van die Nazi's in Suid-Afrika" gemaak het.**

In die loop van sy uitspraak het die Regter verwys na 'n stuk wat deur die Inligtingsburo uitgereik is wat 'n verklaring van Zeesen ten opsigte van Suid-Afrika se onafhanklikheid bevat. **'n Sekere sin daarin is deur dr. Verwoerd deurgehaal en in sy getuienis het hy betoog dat hy dit gedoen het omdat hy die bepaalde sin beskou het as in die voordeel van die Ossewabrandwag.**

Die kommentaar van die Regter in hierdie verband lui o.a. as volg: „Die feit is dat die eiser (dr. Verwoerd) volgens sy eie erkenning 'n motief gehad het hiervoor. Dit vloei uit die verduideliking van die grond waarop, na hy aanspraak maak, hy geregtig was om die kommentaar weg te laat. Hy verklaar dat daar in hierdie tydperk 'n skerp verskil bestaan het tussen die Herenigde Nasionale Party, wie se beleid in Die Transvaler gepropageer word, en die organisasie wat bekend staan as die Ossewabrandwag oor die vraag of diegene in Suid-Afrika, wat gekant is teen die deelname aan die oorlog en wat die verbreking van alle bande met Groot-Brittanje eis, die Nasionaal-sosialisme as 'n toekomstige regeringstelsel moet aanvaar. Woordvoerders van die Herenigde Nasionale Party het op openbare vergaderings die standpunt **wat deur hulle aan die Ossewabrandwag toegeskryf is,** nl. dat 'n seëvierende Duitsland geen gunste aan Suid-Afrika sal bewys nie tensy die land op nasionaal-sosialistiese grondslag regeer word, bestry. In hul geveg het hulle staat gemaak op verklarings wat uit Duitsland uitgesend is, nl. dat die Duitsers nie van plan is om die Nasionaal-sosialisme op Suid-Afrika af te dwing nie . . .

„Die Buro het volgens die eiser op 'n vorige geleentheid Zeesen-verklarings sonder kommentaar uitgestuur waarin die Ossewabrandwag lof toegeswaai is vir die huldiging van nasionaal-sosialistiese beginsels in Suid-Afrika **en hy het dit as onbillik beskou dat sy Party op die betrokke geleentheid nie die kans sou gekry het om die posisie van die Ossewabrandwag aan te val nie deur publikasie van die uitsending waarin die Duitsers ontken het dat hulle van plan sou wees om die Nasionaal-sosialisme op Suid-Afrika af te dwing . . .** 'n Paar dae later het die Buro se verklaring gekom . . . Die eiser verklaar dat toe hy die kommentaar ,'n verklaring wat geloënstraf word deur wat in Europa gebeur het' toegevoeg gesien het tot die sin ,hulle het verklaar dat hulle nie van plan is om hul staatstelsel op ander lande af te dwing nie', wat in die Buro se inleiding tot die Zeesen-uitsending verskyn het, hy dit afgekeur het omdat hy dit beskou het as 'n poging om die Verenigde Party-propaganda teen die Herenigde Nasionale Party te bevorder, aangesien dit in belang van die Verenigde Party was, soos ek hom begryp het, om nie toe te laat dat die H.N.P. die beste daarvan afkom in sy stryd teen die Ossewabrandwag nie.

„Dit is toe aan hom gestel: ,U sê toe hulle die kommentaar bygevoeg het, was die stuk propaganda bedoel om die saak van die Verenigde Party te bevorder teen die Nasionale Party?' Hierop het hy geantwoord: **,Ja, dit is so, dit was vir hulle voordeel dat daar 'n verdeelde opposisie sou wees.' Hy het dus die Buro se kommentaar weggelaat omdat hy dit beskou het as iets wat 'n onwettige voordeel aan die Ossewabrandwag sou besorg. Hy noem die kommentaar Verenigde Partypropaganda wat bedoel is om te verhoed dat die H.N.P. die Ossewabrandwag 'n gevoelige hou sou toedien . . .**

**„Hy het wat deur die Buro verklaar is, as nuus voorgestel en hy het dit in 'n vervalste vorm gedoen; en, hoewel sy enigste rede vir hierdie optrede mag gewees het om die Ossewabrandwag se bewering te weerlê, was die uitwerking daarvan om die Duitse propaganda te ondersteun of aan te help."**

## MUSSOLINI BEDANK


Die bedanking van Mussolini kort na sy ontmoeting met Hitler, het die wêreld baie onverwags gevang, maar dat dit 'n voortvloeisel is uit die samespreking tussen die twee diktators kan met veiligheid aangeneem word. In hoeverre dit 'n weerspieëling is van swak moraal of verdeeldheid in Italiaanse volksgeledere of 'n aanduiding van militêre gevaar is, kan moeilik gesê word. Een ding egter blyk duidelik uit die aankondigings van die Koning en maarskalk Badoglio, en dit is dat die bedanking van Mussolini 'n teenset is teen die propaganda-wig van die Geallieerdes tussen die fascistiese bewind en die volk.

Die Italiaanse Koning is 'n tradisionele figuur wat selfs nie deur die fascistiese bewind verdonker kon word nie. „Die geledere moet gesluit word om die Koning," is nou die kreet, en dat dit sal inslaan in die hart van die Italiaanse volk staan nie te betwyfel nie. Die Geallieerdes sal nou moet oorslaan tot heeltemal nuwe propaganda — wat moeilik sal wees — of eenvoudig op militêre krag moet staat maak.

In elk geval is so 'n drastiese maatreël as Mussolini se bedanking 'n slegte teken vir die Italiaanse militêre posisie.


Waarde vir geld

KOMMANDO -SIGARETTE



MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

TOT U DIENS!

V.M.K. AANBEVEEL.

'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:

„Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.

Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet: „'N BOODSKAP AAN U".

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ______

Naam ______

Adres ______

(O.B., 28 Julie 1943) ______

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).

HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE

VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,
JOHANNESBURG

POSBUS 3512 FOON 22-3512

MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

„Die Gedissiplineerde Afrikanerdom"

DIE PRENT VAN DIE JAAR.

Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.

Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.

- Verering van Boerehelde.
- 'n Blik uit die slag van Amajuba.
- Die Stille skoonheid van die Wildtuin.
- Romantiese toneel in die hoofstad van Oom Paul.
- 15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

('n Roaf Vertoning.)

IN KAAPLAND, GEBIED A:

Vanaf 5 Augustus tot 30 Augustus.

Let op vir Plakate en Aankondigings in die „Die O.B." wanneer u dorp besoek word.

